

PROTESTANTSE REVEILLE

Die Mondstuk van die Protestantse Vereniging van Suid-Afrika (1925)

VOL. 71

TWEEDE KWARTAAL

2016

God het van hulle Helde Gemaak: Hervorming 500

'Uit die Geskiedenis Kom Helde na Vore' -- Celia Sadler

God maak gewone mense sterk om in moeilike tye buitengewone heldedade te verrig. Die opskrif van hierdie artikel spruit voort uit die boek van John Tallach (*'God made them Great'*, gepubliseer deur *Banner of Truth*), waarin hy beskryf hoe die goddelike roepstem uitgaan na menslike swakkellinge wat neig om misgekyk te word deur hul medemens. Toe die Here die verloop van die geskiedenis bepaal het, het Hy ook die heersers oor nasies opdrag gegee om sy soewereine doeleindes te verwesenlik. *'Want die Skrif sê aan Farao: Juis hieroor het Ek jou laat optree, dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde'*. (Romeine 9:17). Vanselfsprekend dink die vername mense van hierdie wêreld dat hulle onafhanklik en in beheer is, en dat hulle nie 'pionne' in die verloop van die Goddelike Voorsienigheid kan wees nie. En, soos opgemerk is deur Alexander Carson in sy *'History of Providence'* oor die onwetende rol wat Cyrus, Alexander die Grote, Caesar en Napoleon gespeel het: *'Hulle was in diens van God, maar sonder die bedoeling om Hom te dien.'*

Terwyl die magtige heersers gewoonlik huiwer om enige invloed behalwe hul eie planne te erken, word diegene wat nederig is en in hul eie oë gering is, en wat die Here Jesus liefhet, oorweldig deur die onvoorwaardelike aard van sy Opdrag en Belofte: *'volg My en Ek sal julle vissers van mense mense maak.'* Die Here is geen aannemer van die persoon nie, en Hy gebruik diegene wat deur die wêreld as dwaas beskou word, soos byvoorbeeld ons! Met sy inhuldiging as leraar van die Grootte Kerk in Kaapstad, het dr. Andrew Murray die volgende gesê: "As dit God se wil is om te seën, is geen instrument te swak nie, en geseënd is dan die instrument wat Hy Hom verwerdig om te gebruik".

Jy Het Bereik Waarvoor Jy Bestem Is!

So 'n bestemde sameloop van partye, die leiers, en hulle wat die Saak van die Here God dien, kom algemeen in die Bybel voor: Farao en Moses; Agab en Elia; en ons Here Jesus in wese met Pilates en Herodes, en die Hoëpriester, Kajafas, is almal goeie voorbeelde.

Dieselfde opgestane en opgevaarde Verlosser en Here het ongeveer 500 jaar gelede 'n nederige Augustynse monnik, Martin Luther, gestuur om die mensdom te bevry uit sy 'Babiloniese Gevangenskap' onder die pousdom, wat daarmee te koop geloop het dat daar geen verlossing buite Rome en die Vatikaan is nie; en dat die ganse mensdom, met inbegrip van die Griekse Ortodokse Kerk, tot die ewige verderf verdoem is indien hulle hul nie onderwerp aan Christus se aardse vikaris, naamlik die pous, nie! Nog 'n rolspeler in die gedenkwaardige gebeurtenis was Karel V, die Heilige Romeinse Keiser. Alles was ooglopend teen Luther, maar slegs indien God, die Almagtige, buite rekening gelaat word... Toe volg die Protestantse Hervorming!

Ware helde en heldinne met 'n roeping het van oor die hele Europa na vore gekom. Die lig het deurgebreek, en Jesus sou regeer waar ookal 'die son se opeenvolgende reise voltooi', soos Isaac Watts dit gestel het. Kerksendings sou later volg, nie om heerskappy te vorm nie, maar om siele te

red. Dat kultuur en Christendom ineengewef was, is 'n werklikheid. Dr. David Livingstone, 'n Skot van buitengewone statur en prakties in sy benadering, het 'n beroep gedoen op handel en Christenskap om hand aan hand die binneland van Afrika te betree. Hy het daarna gestreef om die vasteland op te hef. Heel simbolies van sy liefde daarvoor, is dit die plek waar sy hart eendag tot ruste sou kom!

Waar is die God van Elia?

Kom ons gaan 'vinnig voorentoe' na die Suid-Afrika van 2016. Ons het so pas een van die mees stuurlose jare sedert demokrasie beleef. Die land gaan gebuk onder 'n leierskapkrisis, en onverantwoordelike 'verdeel-en-regeer'-retoriek komende van politieke leiers; vreemdelingehaat; 'n langdurige droogte; afbrekende anargie by universiteite; en, 'n amateuragtige kat-en-muisspelery met die kabinet. Dit alles is tragies. Voeg daarby die skokkende geweldsmisdaad waaraan ons skynbaar gewoon begin raak het – dan sal ons saamstem dat die vertrouensvlak tans baie laag is. Verdien ons rerig hierdie stand van sake in ons land?

Gewis het ons 'n behoefte aan patriotte wat gehoorsaam is aan 'n roepstem van die Here om lief te hê en onbaatsugtig diensbaar te wees. Alles is nie verlore nie, en dit was interessant om te lees wat Philip Rosenthal van die *Christian News Network* te sê het in sy verwysing na Afrika as die 'nuwe Christendom'. Diegene wat ons *Hervormings-Reveille* 2015 gelees het, sal moontlik nog die e-pos onthou wat gestuur is deur 'n Zimbabwiër, naamlik Edson Siwella, wat tans besig is met sy doktorsale studie. Hy het navraag gedoen oor die Hervorming en oor die hervormers se houding ten opsigte van die Jode, asook oor politiek; en oor geloofskwessies rakende Pneumatologie, nl. die Heilige Gees. Manne van sy kaliber maak erns daarmee, en kan dalk verteenwoordigend wees van 'n nuwe geslag profete wat gereed is om weerstand te bied teen die Agabs van hierdie wêreld.

Bewaar dit wat goed is

Die aankoms van die Evangelie in Afrika suid van die Sahara verdien spesiale vermelding. Die politisering en afbreuk doen aan só 'n belangrike erfenis deesdae speel in die hand van die duiwel en saai verwarring. Die liberale predikant, Thomas Francois Burgers, President van die ou ZAR (Transvaal), word steeds onthou vir sy mooi gesegde: **'Neem wat goed is uit die verlede en bou die toekoms daarop.'**

En alle rasse het 'n reusebydrae gemaak tot die opbou van Suid-Afrika. Nou moet almal se gebede opgaan na die Here Jesus Christus – dat Hy die gety van haat en hebsug wat dreig om die nasie agteruit te laat gaan, sal stuit. Ek weet dat die Here besig is om iets nuuts te doen, en dat Hy ons nie 'Verlatene' sal noem nie! (Jesaja 62:4).

***'Nie die koue harde dinge van feite en datums, of ink en perkament nie,
maar die lewe soos hulle dit geleef het, sy beproewinge, oorwinnings en tragedies;
warm van die lewensbloed van diegene wat vir ons geleef en gesterf het, om Ons Land te
bou, en hoewel hulle dit nog nie geweet het nie – om dit Een te maak ...
Hier in Suid-Afrika het ons 'n verborge skat ver oorkant die drome van gierigheid.'***

(Sir Percy FitzPatrick, van *Jock of the Bushveld*-faam)

-- Craig Hounsom (Redakteur)

Bibliografie & Opmerking van die Redakteur:

Never A Young Man – Celia Sadler. (Briewe en Joernale van ds. William Shaw)

Die verlangde behandeling van die bostaande gewigtige onderwerpe soos gevra deur Edson Siwella, sal in die 'Winteruitgawe' van *Reveille* verskyn. Dr. J Gresham Macham het in sy klassieke werk, *Christianity & Liberalism*, gemeld dat manne moet net redeneer oor die dinge wat werklik belangrik is. Dit is dus wel die moeite werd om aan hierdie dinge aandag te skenk!

***'Hy kan 'n man of nasie wat oor al die onvermoë van die wurm beskik,
neem en deur die besieling van sy eie Gees, hom toerus met krag
en sodoende 'n edel merk maak op die geskiedenis van die tyd.'***

-- Dr A Jowett, oor Jesaja 41:14&15, in *Streams in the Desert*. (Mev. Charles Cowman)

Stryd teen die Moederskoot

Elke jaar, op 1 Februarie vind daar in Kaapstad 'n opmars plaas om die tans byna 1.3 miljoen babas wat reeds by wyse van aborsie om die lewe gebring is sedert dit 19 jaar gelede in Suid-Afrika gewettig is, te betreur. In der waarheid is dit 'n begrafnisprosessie wat gerig is op die gewete van die nasie. By die hekke van die Parlementsgebou word 'n roudiens gehou. Daar gaan gebede op en 'n krans word gelê. Vanjaar is daar 'n petisie aan die regering oorhandig waarin geëis word dat die Wet op Beëindiging van Swangerskap omgekeer word. Dit is deur mnr Steve Swart, Parlementslid vir die Afrika- Christelike Demokratiese Party (ACDP), in ontvangs geneem met die belofte dat hy dit aan die Huis sal voorlê.

Negentien jaar lank het die Afrika- Christelike Aksie hom beywer vir 'n *Nasionale dag van Berou* (1 Februarie 2016) in ooreenstemming met 'n groeiende internasionale bewustheid van die *Kosbaarheid van Menselewens*. Dit vind plaas elke laaste Sondag in Januarie. Hul ses meter lange reklamebord-sleepwa vertoon die volgende slagspreuke: *'Aborsie is moord'* en *'Maak jou mond oop vir die stomme, vir die regsak van almal wat wegkwyn.'* (Spreek 31:8 ~ '53). Terwyl hulle agter 'n lykswa aan marsjeer en weeklaag oor die dood van honderde duisende onskuldige ongeborenes wat nooit met 'n begrafnis vereer is nie, dra hulle baba-grootte doodskissies, kruise, blomme en vlae.

Die baarmoeder is tans die onveiligste plek op aarde

Aborsie op aandrang is 43 jaar gelede vir die eerste keer ter wêreld in die Verenigde State van Amerika gewettig. Sedertdien is reeds 58 miljoen Amerikaanse babas geaborteer. Volgens die jongste verslag van die Guttmacher-instituut vind daar jaarliks wêreldwyd 42 miljoen aborsies plaas. Vanaf 1960 tot op hede is reeds 2 biljoen ongeborenes op hierdie wyse om die lewe gebring.

Die Woord verklaar onomwonde in Spreuke 6:17 watter dinge deur die Here *gehaat* word en onderskei dan dié dinge wat vir Hom *'n gruwel* is, naamlik onder andere, **'hande wat onskuldige bloed vergiet'**. Verder verklaar die Here ook uitdruklik in Númeri 35: 33 ('53):

"En julle mag die land nie ontheilig waar julle in is nie; want die bloed ontheilig die land, en vir die land word geen versoening gedoen vir die bloed wat daarin vergiet is nie, as net deur die bloed van hom wat dit vergiet het."

In Suid-Afrika is daar reeds 1.3 miljoen onskuldige ongeborenes om die lewe gebring – húl bloed besoedel die land! Elkeen van hulle, hoe klein ookal, is *'in die geheim gemaak'*, *'in die moeder se skoot geweef'*, en is *'kunstig geweef in die diepte van die aarde'*. (Psalm 139 '53) Die dood van elkeen van hierdie onskuldiges het gelei tot intense skuldgevoelens en hartseer; en vir die moeder tot lewenslange verdriet.

Die Radikale Aborsie-agenda van die VN

Ofskoon daar tans in baie lande, veral in die ontwikkelde wêreld, 'n negatiewe bevolkingsaanwas ervaar word, gaan die Verenigde Nasies voort om aborsie te bevorder. In sy verslag: *'World Survey on the Role of Women in Development 2014: Gender Equality and Sustainable Development'*, word daarop aanspraak gemaak dat 'voortplantingswelsyn' en die welsyn van vroue by wyse daarvan bevorder word. Volgens Steven W. Mosher van die *'Population Research Institute* ('n *Pro-Life* organisasie)* is dit niks anders nie as gekodeerde taalgebruik om 'n felle aanslag op lewe en die huwelik te verberg. Volgens hom dui die woorde *'Reproductive Health'* op sterilisasie-velddogte wat ten doel het om soveel moontlik vroulike voortplantingsstelsels chemies of chirurgies steriel te maak. Met 'volhoubare bevolking' word eintlik bedoel om die bevolking te *beperk* deur *sterilisasie, voorbehoeding en aborsie te propageer*. *'Veilige aborsie'* beteken *wetgewing van aborsie op aanvraag op enige tydstip gedurende die nege maande lange swangerskap*. Die VN spreek hom uit ten gunste van die wrede Chinese beleid van slegs een kind per gesin waarkragtens miljoene jong vroue gedurende die afgelope 34 jaar tot aborsie én sterilisasie gedwing is.

Natuurlik is dit alles ingeklee in terme wat eie is aan die Menseregtebeweging en op so 'n wyse dat dit aanloklik is. Ons moet egter nie mislei wees nie. **Die stryd teen die Moederskoot is 'n**

werklikheid. Dit is 'n stryd teen die reg om te lewe as sodanig en per slot van rekening teen die Here van Lewe se opdrag: "Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele." (Matthéüs 19:14 '51). Elke Christen, trouens elke beskaafde mens, behoort standpunt in te neem teen aborsie, want dit is 'n aanslag op ons menslikheid en 'n tarding van God die Skepper. Ons moet nie daarvan wegstroom nie. Eenparig moet ons *standpunt inneem ten behoeve van hulle wat nie hulleself kan verdedig nie.*'

*'Teardrops are falling. We embrace this sad day.
A sweet little baby has just passed away.
So perfect his spirit, so perfect his love,
So perfect a gift from the Father above.'* (Ron Tranmer).

-- Dorothea Scarborough

*Steven W Mosher, *The UN Continues to Push a Radical Abortion Agenda*, Population Research Institute Review, Volume 25, Number 1, January-February 2015.

Redakteur se Kommentaar: Hoe sal ons Spartaanse en wrede geslag in die toekoms beoordeel word? Maar veel belangriker, wat sê die Here Jesus Christus, die Beskermer van kinders en diegene wat swak is, daarvan?

'... maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.' (Matthéüs 18:6)

'Praat die waarheid, selfs al bewe jou stem.' (Onbekende skrywer)

Frances Ridley Havergal (1836-1879)

Die toegewyde dogter wat haar lewe daaraan gewy het om God te verheerlik

Dit gebeur soms dat 'n mens iemand ontmoet wat werklik 'té goed' vir hierdie besoedelde wêreld is – iemand wat vriendelik is, omgee vir ander en vir wie kortstondige genot en die najaag van materiële wins van nul en gener waarde is. In plaas daarvan loop so iemand se hele lewe só oor van 'n liefde vir God dat dit sy of haar persoonlikheid laat straal. Francis Ridley Havergal was juis so iemand.

Sy is in 1836 – enkele maande voordat Koningin Victoria die troon bestyg het – in die dorp Astley, Worcestershire, gebore. Frances was die jongste kind van ds. William Havergal en sy vrou, Jane, se kroos bestaande uit twee seuns en vier dogters. Hy was nie net 'n begaafde musikus wat oor 'n uitgebreide kennis van psalmgesange beskik het nie, maar het ook kerkmusiek gekomponeer en gepubliseer, sowel as gewyde liedjies en kerkgesange. As vurige evangelistiese predikant het hy bekend geraak as 'n suksesvolle prediker wat omgee vir sy gemeente. Hy is uiteindelik vereer met die titel Ere-domheer van die Worcesterse Katedraal.

Frances was 'n volmoedige en geliefde kind met 'n welige bos goue krulhare. Die ander gesinslede het haar die bynaam 'Klein Kwiksilwer' gegee. Sy het lustig in die veld rondom haar ouerhuis baljaar en het sodoende 'n besondere liefde vir die natuur en 'n grondige kennis daarvan ontwikkel. Sy is deur haar susters onderrig, sowel as deur haar moeder wat opgegroeï het in die dorp Oos-Grinstead in Sussex, waar sy bekend was as die 'lovely Jane Head'. Frances het uitgeblyk as 'n briljante leerder. Reeds op sewejarige ouderdom het sy haar eie liedere geskryf en met haar aangebore musiektalent van vaderskant het sy ook spoedig daarvoor wysies geskep! Frances se geliefde moeder is in 1848 ná 'n lang siekbed oorlede. Kort voor haar dood het sy vir haar dogter gesê: "Fanny, vra vir God om jou voor te berei vir alles wat Hy vir jou in gedagte het".

Frances sou dit nooit vergeet nie, en sy het dit later bestempel as woorde wat 'n 'lewensgebed' vir haar geword het.

Vra vir God om jou voor te berei

Daar is later besluit dat Frances haar skoolopvoeding sou voortsit in Belmont, 'n kosskool naby Campden Hill in Londen. Die skool, bestuur deur ene mev. Teed, was bekend vir sy vurige evangelistiese onderrig. Vir Frances, wat in baie opsigte twyfel en bekommernisse oor haar geloof gehad het, het die skool die geestelike leiding gebied waaraan sy 'n behoefte gehad het. Kort nadat sy 15 geword het, het sy die volgende aangeteken: 'Ek het my siel aan die Verlosser oorgegee en van daardie oomblik af was aarde en hemel vir my helder.

Frances is in die Worcesterse Katedraal as lidmaat voorgestel tydens 'n diens wat 'n blywende indruk op haar gemaak het. Sy skryf na aanleiding daarvan dat, indien haar hart ooit 'n gebed gevolg het, dit was toe die woorde *'Behoed, o Heer, hierdie kind van U met u hemelse Genade, sodat sy vir ewig kan voortgaan om Uwe te bly'* oor haar hoof uitgespreek is. En verder dat, indien haar hart ooit ontroer was met diepe verlange, nie sonder gepaardgaande vreugde nie, dan was dit ten aanhoor van die woorde *'Uwe vir ewig'*. Sy het daarmee volgehou om elke jaar die dag waarop sy voorgestel is, te gedenk.

Dit is heeldag lank my meditasie

Frances het baie gelees, maar slegs binne die rigiede perke van haar vader se streng Puriteinse smake. Sommige gedigte is toegelaat, maar dit was haar nie beskore om enige klassieke werke uit die Engelse literatuur te lees nie – selfs Shakespeare was taboe! Die Bybel was die enigste boek wat hy heelhartig goedgekeur het; gevolglik het Frances dit wesenlik uit die kop geken. Danksy haar buitengewone aanleg vir tale was sy bedrewe in Duits, Frans, Latyn, Italiaans, Grieks en Hebreeus. Nogtans was musiek vir haar verreweg die heel belangrikste, want sy het dit beskou as 'n soort alfabet van die taal van die hemel – vanselfsprekend geensins meer gelyk daaraan as wat 'n ABC-boek aan Milton is nie – maar tog as 'n soort kennismaking.

Indien Frances se rigiede opvoeding haar gehinder het, of as sy by tye daarteen in opstand was, is dit nêrens gemeld nie. In plaas daarvan was sy blykbaar 'n perfekte voorbeeld van die ideale pastoredogter. Sy het Sondagskool- en Bybelklasse begin aanbied, in die gemeenskap rondbeweeg en waar moontlik hulp verleen. Sy het haarself beskou as 'n 'diensmaagd in die huishouding van God'.

As goewernante van haar niggies het sy gereeld gesange, gedigte en artikels tot verskeie publikasies bygedra. Sy was uitgesproke dat haar werk niks te doen gehad het met haar 'slim wees' of 'begaafd wees' nie, omdat dit van God afkomstig was. Haar beskouing was dat Hy nie vir haar 'n digterlike skatkis vol goud gegee het om daarmee te doen wat sy ookal daarmee wil doen nie. In plaas daarvan het Hy die skat bewaar en gee Hy elke nou en dan vir haar 'n goue munt.

Toegewy aan U, o Heer

Vroeg in 1874 het Frances vyf dae lank by 'n vriendin in dié se huis gekuier. By geleentheid was daar ongeveer tien mense teenwoordig. Sommige was ongelowiges, ander was lou Christene. Sy het spontaan gebid vir elkeen in die huis om geseën te word met opregte geloof. Haar gebed is verhoor. Gedurende die laaste nag van haar verblyf het die goewernante van die twee dogters van die huishouding haar wakker gemaak. Die dogters was ontsteld en verward, maar nadat Frances met hulle gesels het, het ook hulle sonder huiwering standvastige gelowiges geword. Daaroor was Frances só in vervoering dat sy nie weer kon slaap nie.

Die woorde van 'n lied het in haar gedagtes begin vorm aanneem en hulself georden om te eindig met die woorde *'Ever, only, all for Thee' / 'Altyd, slegs alles vir U'*. Dit was wat gelei het tot Frances Ridley Havergal se bekendste lied: *'Take My Life and Let it Be' / 'Neem My Lewe, en Laat dit Wees'*. Sy het hierdie lied altyd gesing op die wysie van 'Patmos' wat deur haar vader geskryf is. Tans word dit egter ook gesing volgens 'n verskeidenheid wysies, onder andere 'St Bees' deur J.B. Dykes, asook 'Consecration' wat toegeskryf word aan sowel William Havergal as Mozart! Gedurende dieselfde jaar (1874) is nog 'n boek van haar, met die titel *Under the Surface* gepubliseer. Dit was net so gewild soos die vorige een. Frances het ook 'n aantal kinderstories geskryf wat groot aftrek gekry het.

Nà die heengaan van haar stiefmoeder het Frances by haar ongetroude suster, Maria, by Caswallbaai, naby die Mumbles in Wallis, gaan woon. Te midde van sporadiese terugslae wat haar gesondheid betref, het haar werklading blykbaar toegeneem in plaas daarvan om ligter te word. Daar was 'n groeiende behoefte aan die gemeenskapsdienste wat sy gelewer het, sowel as om te voorsien in die geestelike behoeftes van haar nuwe gemeenskap. Vanweë haar aandrang daarop om 'n Temperance-vergadering toe te spreek op 'n nat, koue aand teen die einde van Mei 1879, het sy 'n verkoue opgedoen wat tot 'n koors gelei het. Haar toestand het vinnig versleg, maar sy het haar lewensbedreigende siekte met vreugde eerder as verslaentheid benader. Sy het geweet dat sy spoedig in haar ware tuiste, waarna sy haar hele lewe lank gestreef het om dit waardig te wees, sou aankom. Frances Ridley Havergal het op 3 Junie 1879 die tydelike met die ewige verwissel.

Twee jaar voor haar oorlyde het Frances die volgende geskryf: *“Ek is nie een van daardie verskriklik ‘vasberade vroue’ nie, ek dink ons het voldoende ‘regte’ in verhouding tot ons vermoëns en posisie.”* Dit is 'n opmerking wat baie tiperend van 'n Viktoriaanse dame was, terwyl dit ongetwyfeld vir sommige moderne vroue onaanvaarbaar sou wees! Nogtans, ten spyte van haar nederigheid ten opsigte van haar swakheid in besluitneming en oor haar kreatiewe vermoëns, het Frances Ridley Havergal uitgestaan as een van die merkwaardigste gesangskrywers van haar tyd. Soos verwoord in haar gewilde gesang, was haar lewe gewy aan God, en sy het die wil en die vasbeslotenheid gehad om *‘altyd, alleenlik, alles vir U’* uit te leef.

-- Susan Beaty: *‘This England’*: Lente, 2001

‘Geloof sien in elke teleurstelling: Hy is liefde, Hy is aan die werk.’

-- dr. Andrew Murray jnr.

Gesegdes van Frances Ridley Havergal, Engelagtige Toonsetter van Verpligting:

- *Net om my voor te berei vir my bewustheid van my eie onvermoë om enigsins iets te kan skryf, stuur God daarmee saam sy seën en krag Ek kan nie ‘n enkele vers skryf sonder om eers na Hom te gaan en dit van Hom te ontvang nie.*
- *Hoe om te begin? Begin van waar jy is, doen dan wat volgende is.*
- *Ek voel, om te skryf is om te bid.*
- *Ek is in verwondering gelaat! Nie ‘n enkele Woord van God se goeie belofte het onvervuld gebly nie.*
- *Ek veronderstel dat God se kruise dikwels van onverwagte en vreemde materiaal gemaak is.*
- *... wees dankbaar oor ‘negatiewe geestelike genades’. Ons kan ons nie eens indink in al die verkeerde dinge wat God ons nie toegelaat het om te doen nie!*
- *Ek het geleer om opreg simpatiek te wees teenoor ander wat in duisternis wandel, en soms het dit my gehelp om hulle te help.*
- *Vir suksesvol, net soos vir onsuksesvol, lyk dit asof ‘ydelheid der ydelhede’ die waarste eienskap is van elke lewe wat nie die heel hoogste doel nastreef nie.*
- *Waarom sal ek nie alles wat ek in die Bybel aantref as vanselfsprekend aanvaar nie?*
- *Berei my voor vir alles wat U besig is om vir my voor te berei.*
- *‘n Roepstem gerig aan die Here is nie lang, ineengeskakelde gedagtes en gebede nie; dit is bloot ‘n skielike, woordlose opwaartse beweging van die hart.*
- *... baie van die lewe moet gewy word aan baie min skryfwerk.*
- *‘O Meester.’ Dit is moontlik my geliefkoosde eretitel, want dit dui op gesag en onderdanigheid.*

- ... omdat Hy die beste weet wat werklik sy werk in ons sal ryp maak en bevorder. (Frances oor 'n tydperk van nege jaar van swak gesondheid, waartydens sy nie kon skryf nie, ten spyte van haar ywer.)

Frances Havergal het ook verkies om eerder met 'oorgang' as met 'plaasvervanging' na Christus se Dood te verwys. Vir haar was ons Here 'Loods, Reddingsboot en Toevlugsoord'.

-- Aanhalings saamgestel deur Craig Hounsom (Redakteur).

Bibliografie:

The Vision Lives: B H Pearson; en *A Short Biography of Christian Women*

'Geloof is om te glo ongeag die bewyse; en om kyk hoe die bewyse verander.'

('n Aanhaling gegee aan die redakteur deur mev. June Booth van die *Sea View Congregational Church*, Durban. Sy beleef die heerlikheid van Jesus. Hierdie geloofsvrou was as jong dogtertjie teenwoordig tydens die opening van die 'nuwe' kerkgebou op 17 Mei 1939, kort voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog!)

Oggend- & Aand-Dagstukkies (5 Oktober) (Charles Spurgeon)

'Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word.' (Mark 16:16.)

Mnr. Macdonald het vir die bewoners van die eiland St Kilda gevra wat 'n mens moet doen om gered te word:

'n Bejaarde man het geantwoord: "Ons sal gered word as ons ons sondes laat vaar, en ons tot God wend."

"Ja," het 'n middeljarige vrou gesê, "en ook met 'n opregte hart."

"Ja," het 'n derde daarby aangesluit, "en met gebed."

"En, het 'n vierde bygevoeg, "dit moet 'n gebed uit die hart wees."

"En ons moet ook ywerig wees om die geboorte te onderhou," was 'n vyfde se antwoord.

Só, nadat elkeen sy of haar mite bygedra het en onder die indruk was dat 'n baie goeie geloofsbelydenis saamgestel is, het hulle opgekyk en gewag vir die prediker se goedkeuring, maar intendeel het hulle sy diepste jammerte gewek. Die vleeslike verstand ontwerp altyd vir homself 'n manier om self iets te kan doen wat vir hom of haar selftevredenheid sal laat ervaar, maar die Here se manier is heeltemal die teenoorgestelde. Om te glo en gedoop te word, is nie dinge van belang waarop 'n mens jou kan beroem nie – dit is só eenvoudig dat om daarmee te spog uitgesluit is, en onverdiende genade dra die prys weg.

Dit kan wees dat jy as leser ongered is – wat is die rede daarvoor? Dink jy die weg van saligheid, soos gemeld in Markus 16:16, is bedoel om onsekerheid te skep? Hoe is *dit* moontlik as God sy eie Woord verpand het vir die sekerheid daarvan? Dink jy dalk dit is té maklik? As dit die geval is, hoekom gee jy dan nie daaraan aandag nie? Die eenvoud daarvan laat diegene wat dit nalaat, sonder verskoning.

Om te glo, is bloot om Jesus Christus te vertrou, op Hom staat te maak en van Hom afhanklik te wees. Om gedoop te word, is om jou te onderwerp aan die kerklike gebruik wat ons Here by die Jordaan verwesenlik het; waaraan die bekeerlinge hulle onderwerp het tydens Pinkster; en waaraan die tronkbewaarder gehoorsaam was selfs gedurende die nag van sy bekering. Dit is nie die uiterlike teken wat tot redding bring nie, maar dit is die begin van ons sterwe, begraving, en opstanding saam met Jesus. Soos die Heilige Nagmaal mag dit nie nagelaat word nie. Liewe leser en vriend, glo jy in Jesus? Indien wel, raak ontslae van jou vrese – jy sal gered word.

As jy steeds 'n ongelowige is, onthou dan daar is maar één deur, en as jy nie daarby ingaan nie, sal jy in jou sondes krepel.

Die Predikant se Floutes

In sy briljante *'Lesings Vir My Studente'* het Spurgeon 'n hoofstuk met die titel *'Die Predikant se Floutes'*. Die verwarring van die Evangelie van Jesus Christus met die Wet van Moses, dateer uit die Nuwe Testamentiese tydperk. Dit is veral met dit in gedagte dat Paulus in sy sendbrief die volgende geskryf het: *'O, onverstandige Galásiërs, wie het julle betower ...? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?'* (Gal.3:1 & 3). Ek veronderstel dat sulke verwarring dit vir die 'apostel aan die heidene' tot die uiterstes moes beproef het!

Predikante het harte, en hulle voel soms neerslagtig. Hulle moet nie verwar word met die aartsengel Gabriël nie! 'n Hoogaangeskrewe Britsgebore prediker het by geleentheid vir my gesê sommige gemeentedele gaan op 'n Sondag huis toe om 'gebraaide predikant' te geniet! In plaas daarvan om sulke onsinnighede kwyt te raak, behoort die diensknegte van Jesus in gebed omhoog gehou te word. Eenkeer, tydens 'n besoek aan Mentone, Frankryk, is Spurgeon deur 'n doktor in Godgeleerdheid uit die VSA gevra wat die resep vir sy sukses is. Spurgeon se antwoord -- dat sy *mense vir hom bid* -- is insiggewend!

Dit is inderdaad so dat die bemoedigendste kenmerk van ons bediening die wete is dat ons kerke die ABC van die Evangelie ken.

-- Craig Hounsom (Redakteur)

'Here, wat moet gedoen word om vir U leraars die onbegryplike heerlikheid van hul roeping te leer?'

-- Dr Andrew Murray Jr.

Om die Kerk gereed te maak vir Evangeliesasie

Charles Spurgeon, befaamde Londense prediker en evangelis, het by geleentheid vir 'n groep kerklui gesê:

'Sorg dat u vordering maak in wat werklik saak maak, want per slot van rekening sal ons geken word aan wat ons gedoen het. Ons behoort kragtig te wees in wat ons doen, sowel as in die woorde wat ons uiter. Ons moet ophou om lugkastele te bou en moet aan die werk spring. Broeders, doen iets. Doen iets. Doen iets. Terwyl komitees hul besig hou met resolusies, doen iets. Terwyl verenigings en unies besig is om konstitusies op te stel, laat ons siele wen. Té dikwels is ons besig om te bespreek, en te bespreek, en te bespreek – en Satan lag in sy mou Dit is tyd dat ons liever ophou beplan en liever iets soek om te beplan. Ons enigste doel is om sonndaars tot redding te bring, en dit is nie iets om oor te praat nie, maar om dit te doen deur die krag van God.'

Ja, vriende, in ons kerke is dit baie makliker om onbepaald oor hierdie uitdaging te gesels, sonder om dit ooit te begin doen.

Die hoofsaak van die Kerk

Afgesien van aanbidding en gebed, glo ek, is evangeliesasie die primêre taak van die Kerk. Ons Heiland se laaste woord in sy Groot Opdrag was om uit te gaan en die Evangelie deur die hele wêreld heen te verkondig en dissipels van alle nasies te maak. En gewis moet sy *laaste woorde ons eerste besorgdheid* wees. Inderdaad is, soos in Handeling 1:8 beloof, die krag van die Heilige Gees vir ons beskikbaar gestel sodat ons getuies kan wees in Jerusalem, Judea, Samaria en tot by die eindes van die aarde. Nogtans is baie kerke soos 'n ingroeïende toonael. Daar is soms 'n groep mense wat 'n lieflike samehorigheidsgevoel in mekaar se teenwoordigheid ervaar. Aanvanklik is die ingroeïende toonael nie seer nie, maar met verloop van tyd sal dit begin seer word namate daar 'n bewustheid van die 'ingroeïende' aard van die kerk en die 'eksklusiewe klubkarakter' daarvan beleef word. Die geestelike liggaam begin pyn as dit nie 'n duidelike uitwaartse fokus op sending het nie.

Ek hou daarvan om aan die plaaslike kerk te dink as 'n plek van waar evangelisasie behoort te vloei. Die plaaslike kerk is die beste, mees logiese voertuig daarvoor – dit is God se 'Plan A'. En as die kerk nie met sy evangeliseringstaak voortgaan nie, stel God sy 'Plan B' in werking deur 'n verskeidenheid semi-kerklike instansies tot stand te bring om die taak te verrig. Dit is egter primêr die plaaslike gemeente wat die evangelisering van sy gemeenskap, streek en die wêreld op die hart behoort te dra. Dit kan nie afgesmeer word aan semi-kerklike instansies nie – hoe bruikbaar hulle ookal mag wees.

Sommige lidmate in ons kerke sê: "Nee wat, ek hou nie van evangelisasie nie. Ek het voorbehoude oor sekere vorme van evangelisasie." Gevolglik gebeur daar nooit iets nie!

DL Moody, alombekende Amerikaanse evangelis is by geleentheid deur 'n vrou gekonfronteer met die woorde:

"Mnr Moody, ek hou nie van die wyse waarop u evangeliseer nie."

Moody se reaksie daarop was: "Dame, doen u evangelisering?"

Daarop het sy geantwoord: "Nee, ek doen nie."

Sy reaksie daarop was eweneens bondig:

"Wel, ek verkies my manier van *doen*, bo u manier van *niks doen nie!*"

Dit is uiters belangrik om te besef dat die Here se belangrikste uitreik na die wêreld in hoofsaak op tweërlei wyse plaasvind, naamlik deur die plaaslike kerk, en deur leke-lidmate van die plaaslike kerk. Let wel – nie by wyse van die predikante nie. Christenskap is in hoofsaak nie 'n kerklike beweging nie, maar wel 'n lekebeweging.

Die predikant se taak is om die werksmag van die gewone lidmate op te lei. Efesiërs 4: 11&12 stel dit duidelik dat daar verskillende gawes in die Liggaam van Christus is 'om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk'. Evangeliesasiebediening is in hoofsaak die gewone lidmaat se verantwoordelikheid, en 'n goeie predikant sal toesien dat dit die geval is.

Om die waarheid te sê, God is reeds besig om leke-lidmate te gebruik om ongelowiges na Christus toe te lei. Indien ek die lidmate van u kerk sou vra hoe hulle die Here leer ken het, sou ek nou reeds kon voorspel dat die meerderheid Hom deur die getuigenis van 'n individu – nie deur 'n radioprogram, 'n predikant se preek of 'n evangelistiese kruistog was nie. Dit is 'n goue resep. Van die meer as 4 000 internasionale kerkleiers wat die Lausanne-kongres oor Woord-evangelisasie in 1973 bygewoon het, het meer as 3 000 Christus deur die getuigenis van 'n lekelidmaat leer ken.

Lekelidmate, u is deur God uitgekies om sy Boodskap uit te dra! Doen u dit? Of laat u dit aan die predikant oor om te probeer om dit alles vir u te doen?

-- Dr Michael Cassidy: 'African Enterprise' (www.africanenterprise.com)
(Uitreksel uit 'n artikel in 'Practically Speaking', Oktober 2015 – Redakteur)

'n Gekruisigde lewensstyl kom die meeste ooreen met 'n gekruisigde Christus'

(John Flavel uit die biografie van Philip Henry deur Peter Lewis. Henry was 'n 17de eeuse Puritein en Presbiteriaan; en vader van Matthew Henry, die skrywer van 'n klassieke bybelkommentaar.)

'Laat u prediking eenvoudig wees.

Geverfde glas is baie ondeursigtig; ongeverfde glas is baie helder.'

(Philip Henry, aan 'n mede-Nonkonformis,

uit die biografie van Philip Henry deur Peter Lewis, soos hierbo.)

Vir u dagboek: Hervormingsfees: 30 Oktober 2016
Onhou ons Protestantse Erfenis, elke dag!

DIE DERDE MAN: Ulrich Zwingli

Kennismaking met die Switserse Hervormer

Die destydse onheilspellende en geheimsinnige rolprent, *The Third Man* (1949), was gebaseer op 'n roman geskryf deur Graham Greene.

'Die Derde Man' in rangorde van voortreflikheid onder die Protestantse Hervormers is die ietwat raaiselagtige Ulrich Zwingli. Gebore op 1 Januarie 1484 (heengegaan op 11 Oktober 1531) is hy, kronologies georden, tweede naas Luther, maar hy het redelik in die vergetelheid geraak. Gevolglik is hy oorskadu deur nog 'n Switserse leier, naamlik die Fransman, Johannes Calvyn.

Dr. Merle D'Aubigne, die beroemde Frans-Switserse geskiedkundige, het 'n duidelik spontane ingryping deur God in sowel Duitsland as Switserland, ongeag geografiese en politiese grense, waargeneem. Zwingli is enkele maande ná Luther gebore en het, soos Luther, grootgeword as 'n toegewyde Rooms-Katoliek. Terwyl Luther aanvanklik gehoop het om 'Rome' van binne af te hervorm, is Zwingli as pouslike ondersteuner deur Pous Julius II begunstig by wyse van 'n jaarlikse pensioen. Albei se oë het egter geleidelik oopgegaan, sodat hulle met verloop van tyd – soos in die geval van ander hervormers – die pous geïdentifiseer het as 'die mens van die verderf' (2 Thes. 2:3&4)

Ontstaan van die Switserse Hervorming

'Renaissance-humanisme, met sy algemene waardes gekenmerk deur beklemtoning van geleerdheid, het in dié land wortel geskiet. In hierdie omstandighede, gepaard met die samevloeiing van Switserse patriotisme en humanisme, is Zwingli gebore.'

Hoewel die beroemde Erasmus van Rotterdam 'n invloed op Zwingli gehad het, was hy nòg Erasmiaans, nòg Lutheraans in sy teologie. Die Magister Artium (1506 Wenen) het Erasmus se Griekse Nuwe Testament benut; en op 1 Januarie, op sy 35ste verjaardag, het hy sy eerste diens in Zurch gehou, die stad wat met sy naam geassosieer word. Die jong priester het afgewyk van die Skrifgedeelte wat bepaal was vir dié betrokke Sondag en het dit vervang deur ene uit die Evangelie van Matthéüs.

Daardie selfde jaar het hy die dodelike pessiëkte oorleef. Dit was 'n katalisator wat sterk herinner aan die 'oggendster' van die Hervorming van die Veertiende-eeuse Engeland, naamlik John Wycliff. Hy het uit sy siekbed opgestaan te midde van die somber voorspellings van die monnike wat weerstand gebied het teen sy hervormings. Hy het Psalm 118:17 aangehaal:-

'Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en van die werke van die Here vertel!'

Die *'Petalje van die Wors'* (1522), was 'n teenwig vir die gebondenheid aan 'n benadering van nie aanraak nie en nie proe nie ten opsigte van die lewe en van voedsel. Hierdie skynbaar kleinlike kwessie word beskou as die begin van die Hervorming in Switserland. Dié hervormer was opreg radikaal rakende sekere sensitiewe areas – *'Sy aanval op die aanspraak dat tiendeheffing 'n heilige instelling was, het die hewigste teologiese en sosiale uitwerking gehad.'* Daar is 'n moontlik moderne sweempie in hierdie benadering, want hy het geneig om die Bybel in 'n ander lig te sien as die Vatikaan, wat verkondig het dat dit die enigste tuiste van getroue gelowiges was.

Vordering van die Switserse Hervorming

Die dertien Switserse state, oftewel kantonne, was onafhanklik – anders as in die geval van die moderne federale regering. Vanaf 1526 het die Hervorming in die Konfederasie plaasgevind.

Daar is beweringe dat Zwingli die hoop gekoester het dat daar 'n teokrasie in Zurich tot stand sou kom, wat God in direkte beheer van die samelewing sou plaas, soortgelyk aan wat Calvyn baie lank daarna ten opsigte van Genève ter sprake gebring het. Die konflik met die Wederdopers, die sogenaamde Radikale Hervormers, oor die omvang van die Hervorming het 'n klad gelaat op Zwingli se naam en op dié van sommige van die ander Hervormers.

Hoewel die Hervormers eensgesind was oor die belangrike 'Solus' van die Hervorming, het hulle betreurenswaardig erge onverdraagsaamheid teenoor mekaar aan die dag gelê oor sake van minder belang. Die Marburgse Samespraak (1529) was 'n ontmoeting tussen die helde van die Hervorming. Luther was baie gesteld op die letterlike betekenis van die woord 'is', soos dit deur ons Here Jesus tydens die Laaste Awendmaal gebruik is. Zwingli het wegbeweeg van die *transsubstantiasie* van die Vatikaanse Mis, d.w.s waar die brood en wyn deur die priester 'verander' word na die werklike bestanddeel van die Here se liggaam én bloed. Ook was die *konsubstantiasie* van die Lutherane wat glo dat die brood en die wyn gemeenskaplik met die liggaam en bloed van Jesus bestaan en vir die gelowige 'n werklikheid word deur sy of haar geloof, vir hom onaanvaarbaar. Gevolglik kon daar nie eenstemmigheid bereik word oor die leerstelling rakende Die Ware Teenwoordigheid van Christus in die Nagmaal nie.*

Die Switserse Hervormer, wat 'n *letterlike* vertolking van die woorde van Jesus verwerp het (op grond van wat Hy in Johannes 6:63a gesê het: *'Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie...'*) het te alle tye die Heilige outeurskap van die Skrif eerbiedig:

'Zwingli het volgehou dat die Bybel die hoeksteen van teologie is. In sy geskifte het hy hom voortdurend op die Skrif beroep. Die gesag van die Skrif was, wat hom betref, absoluut verhewe bo alle ander bronne, soos byvoorbeeld die ekumeniese rade van die vroeë Kerkvaders. Hy het egter nie gehuiwer om gebruik te maak van ander bronne ter staving van sy standpunte nie. Zwingli se vertolkings was gebaseer op beginsels wat gespruit het uit sy rasionalistiese, humanistiese opvoeding en Hervormde begrip van die Bybel.' (Wikipedia)

Die eindstryd

Een van die moontlike redes waarom Zwingli die 'vergete Hervormer' is, is sy voortydige dood as soldaat op sewe-en-veertigjarige ouderdom. Die spanning tussen die Switserse kantons, sommige *ten gunste* van die Hervorming (Zurich en Genève, ens.) en sommige *daar teen* (Bern, ens.) het tot tragiese lewensverliese gelei, vererger deur gedugte huursoldate berug vir hul gebrek aan loyaliteit. Dit was juis terwyl hy die troepe van Zurich vergesel het, dat Ulrich Zwingli gesneuwel het. Hy moes onthou het dat die pen magtiger as die swaard is!

*Die sieraad, o Israel – op jou hoogtes lê dit verslaan;
Hoe het die helde geval!*

*Vertel dit nie in Gat, verkondig dit nie op die strate van Áskelon nie,
Sodat die dogters van die Filistyne hulle nie verheug,
die dogters van die onbesnedenes nie jubel nie! (2 Samuel 1: 19 & 20)*

Zwingli se afkeer van uiterlike dinge en 'n uiterlike priestelike gesag wat mag uitoefen oor die heiliges van Jesus, het moontlik 'n veel meer beduidende nalatenskap in die Protestantse kerke gelaat deur die mate waarin hy vasgehou het aan die Bybel se lering rakende die priesterskap van alle gelowiges, as dit waarvoor hy oor die algemeen erkenning kry.

-- Craig Hounsom (Redakteur)

Notas & Bibliografie:

*Kyk Boekresensies [2] hieronder: *A Clear and Simple Treatise Respecting the Lord's Supper. The History of the Reformation in Europe*: Dr. Merle D'Aubigne
The History of the Reformation: Principal Lindsay; & 'Ulrich Zwingli': Wikipedia

Zwingli se 'Pestlied'

*'THY purpose fulfil:
nothing can be too severe for me.
I am THY vessel
for YOU to make whole or break in pieces
Since, if YOU take hence
my spirit from this earth,
YOU do it so that it will not grow evil,
and will not mar the pious lives of others.'*

'Hy wat jou nader na God toe bring, is jou vriend.'

(Abraham Kuyper: Teoloog en voormalige Eerste Minister van Nederland).

Godsdiensvryheid aan die Kaap (Deel 2)

Man van Durf en Daad: Martin Melck, Stigter van die Lutherse Kerk in Suid-Afrika

Na 'n dekades-lange dooiepunt het die tyd aangebreek vir een man, naamlik Martin Melck, om sy lewe op die spel te plaas ten einde volle godsdiensvryheid vir Lutherane aan die Kaap te verseker.

Hy is gebore in 1723, in die Lutherse dorp Memel in Oos-Pruise. Opgelei in alle fasette van die boubedryf, was hy reeds op drie-en-twintigjarige ouderdom 'n gekwalifiseerde meesterbouer. Daarna het hy as soldaat by die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie aangesluit en was bestem vir diens aan die Kaap, waar hy in 1746 voet aan wal gesit het.

Hy is toegewys as bouer en arbeider aan 'n burger en heemraadslid, Jacob Cloete, van Stellenbosch. 'n Jaar later het hy 'n bestaan gevoer deur bouers van stene en kalk te voorsien. In 1750 was hy in staat om twee plase te koop. Na sy ontslag uit die diens van die Kompanjie het hy geregistreer as 'n vryburger. In 1752 tree hy in die huwelik met die weduwee Anna Margaretha Giebeler, dogter van die prominente Duitse Lutheraan, Johann Heinrich Hop. Teen 1766 was hy algemeen bekend as die rykste man, en gewis die invloedrykste Lutheraan aan die Kaap. *Die benarde godsdienstige toestand aan die Kaap was vir hom net 'n nuwe uitdaging!*

Omstrede Ontwikkeling in Strandstraat

Teen 1770 het Melck verskeie groot persele in Strandstraat besit. Op een daarvan het hy 'n groot gebou opgerig, op die oog af 'n gewone pakhuis. Gerugte het die ronde begin doen dat dit eintlik bedoel is om as 'n kerkgebou te dien. Selfs Goewerneur Tulbagh was agterdochtig, maar uir respek vir hierdie hoog aangeskrewe lid van die gemeenskap, het hy nie ingemeng nie. Daar was bewerings dat hy Melck gewaarsku het dat hy nie 'n Lutheraanse kerk gedurende sy leeftyd wil sien nie, waarop Melck geantwoord het: 'Dit is soos God dit wil hê'.

Tulbagh is kort daarna in 1771 oorlede!

Joachim van Plettenberg het tydelik as goewerneur waargeneem. Hy het nie ingemeng met die Lutherane wat Sondae in Melck se pakhuis dienste gehou het nie, al moes dit duidelik geblyk het uit die gesange wat gesing is. Die pakhuis was boonop toegerus met 'n orrel, 'n koorlessenaar en verskeie kerkbanke. Van Plettenberg het egter onwrikbaar volgehou dat hy nie sou toelaat dat die *'Bataviaanse privilegie'* (nl. vryheid van aanbidding vir Lutherane *net in Batavia*) na die Kaap uitgebrei word nie.

In 1774 is 'n skenkingsakte geregistreer, wat daartoe gelei het dat die perseel en die pakhuis ná die afsterwe van òf Melck, òf sy eggenote, die eiendom van die Lutheraanse gemeente sou

word. Oordrag het plaasgevind toe mev. Melck in 1776 oorlede is. In dieselfde jaar het 'n groep bestaande uit 20 Lutherane, op een na almal Duitsers, die Konsistorie namens al die Lutherane in die Kaap versoek om die Here Sewentien in Holland in te lig dat hulle oor 'n eie gebou wat as kerk kon dien, beskik, asook oor voldoende fondse om hul eie predikant te besoldig. Die Here Sewentien was bereid om die verlangde vryheid toe te staan, op voorwaarde dat die Raad die bestaan van die fonds kon bevestig. Nadat die verlangde versekering gegee is, is die Konsistorie gemagtig om 'n predikant te benoem. Op 22 November 1780 het Andreas Lutgerus Kolver in die Kaap aan wal gestap en op 10 Desember is hy georden as predikant van die nuut gestigte Lutherse gemeente bestaande uit 441 geregistreere lidmate – 414 mans en 27 vroue. (Hiervan was 330 Duitsers, 10 Nederlanders en 31 Skandinawiërs; die nasionaliteit van die oorblywende 21 is onbekend). Die eerste kerkraad het bestaan uit vier Kompanjie-werknemers en vier vryburgers, onder andere Martin Melck wat ook die aangrensende perseel geskenk het vir die oprigting van 'n pastorie. Die oordrag daarvan is afgehandel op 16 Februarie 1781. *Sewe dae daarna is Melck op die vroeë ouderdom van agt-en-vyftig oorlede.*

Beperkinge op Vryheid van Aanbidding

Kolver het redelik spoedig tot die besef gekom dat dié vryheid van aanbidding in die praktyk geensins die Lutherane en die Calviniste op gelyke voet geplaas het nie. Dit het daarop neergekom dat hy seuns slegs kon doop of aanneem as die vader Luthers en die moeder Calvinisties was. Dogters moes deur Calvinistiese predikante gedoop of as lidmate bevestig word. Op versoek van die moeder kon hulle ook seuns doop of as lidmate bevestig. Onder geen omstandighede is 'n Lutherse predikant toegelaat om 'n siek of sterwende kind tuis te doop nie. Om by die Raad van die Here Sewentien appèl aan te teken, was nodeloos, aangesien hulle hul te alle tye aan die kant van die Calviniste geskaar het.

Diskriminasie teen Lutherse werknemers

In Desember 1783 het die Here Sewentien die Lutherane 'n strawwe hou toegedien met 'n besluit dat geen nie-Calviniste voortaan deur die Kompanjie in diens geneem sou word nie; of, indien hulle reeds in diens van die Kompanjie was, sou hulle vir geen bevorderingspos in diens van die Kompanjie kwalifiseer nie. Hierdie keer het die Goewerneur en Raad eenparig beswaar gemaak, aangesien sodanige beleid absolute chaos sou veroorsaak. Hulle het dit duidelik gestel dat vemoë en betroubaarheid die enigste kriteria behoort te wees. Die Here Sewentien het toegegee in soverre dat hulle ingestem het dat die helfte van die laervlakposte aan nie-Calviniste toegesê mag word, maar beslis geen bevorderingsposte nie. Weer eens het die Goewerneur en die Raad beswaar aangeteken, en terselfdertyd gerapporteer dat hulle intussen twee Duitse Lutherane wat reeds baie jare in hul diens was, bevorder het. Hulle was die enigste werknemers wat kon kwalifiseer vir twee belangrike senior poste wat onverwags vakant geraak het en sonder versuim gevul moes word. In 1786 het die Here Sewentien geantwoord dat hulle gedemoveer moes word en dat dit onmiddellik van krag is. Hulle moes na hul vorige poste teruggeplaas en deur Calviniste vervang word – selfs al was laasgenoemde minder bekwaam!

Einde van die Stryd vir Godsdienstvryheid

Deels vanweë die politieke situasie, maar hoofsaaklik as gevolg van wanbestuur, het die reeds haglike posisie van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie teen daardie tyd sodanig verder versleg dat twee kommissarisse deur die krediteure aangestel is met volmag om te red wat op daardie stadium nog te redde was. Hulle het in 1792 in die Kaap aangekom en het onder luide protes uit die geledere van die Calviniste vier vooraanstaande Lutherane in die heel belangrikste poste aangestel. Hulle het dit duidelik gestel dat hulle optree met die gesag wat aan hulle toegesê is. Daarvandaan het hulle voortgegaan na Batavia. Kort nadat hulle vertrek

het, het die Eerste Britse Besetting (1795 – 1803) 'n einde gemaak aan die gesag van die Here Sewentien.

In 1803 het Holland (d.i. die kortstondige Bataafse Republiek) weer eens in beheer van die Kaap gekom. Die Lutherse kerkkommissie het Kommissaris-Generaal J. A. De Mist genader met 'n versoekskrif dat alle beperkings wat voorheen op die Lutherse Kerk aan die Kaap geplaas is, opgehef moes word. De Mist het hul versoek as baie redelik beskou.

Was dit moontlik die uitkoms van hierdie versoek wat aanleiding gegee het tot De Mist se 'Kerkorde' wat gelyke regte aan alle denominasies toegestaan het?

Dit het 'n einde gebring aan die langdurige stryd om godsdienstvryheid aan die Kaap te bewerkstellig.

-- Dr. WHC Hellberg: 'Lantern', Februarie 1992

[Toestemming vir die gebruik van die bostaande artikel is goedgegunstig aan die redakteur verleen deur die skrywer se seun, Dr. Berti Hellberg, 'n afgetrede geneesheer van KZN en lidmaat van die 'St John's United Church' in Pietermaritzburg.]

**'Daar is vir 'n goeie man geen groter bevrediging nie
as om te weet hy is 'n publieke seën.'**

(uit die Matthew Henry Bybelkommentaar oor Handeling 27,
verwysend na die storm terwyl Paulus per skip onderweg na Italië geneem is.)

Bemiddelaars in Madagaskar

As u op die internet gaan soek na inligting rakende Madagaskar, sal u oorweldig wees deur die talle verwysings na animasierolprente oor sebras, pikkewyne en ander diere wat dikwels in dieretuine gesien word. Delf egter 'n bietjie dieper en u sal afkom op 'n selfs meer meevoerende ware verhaal oor die wording van 'n land en sy florende Christelike geskiedenis.

Madagaskar, 'n eiland langs die kus van Oos-Afrika, beslaan 'n gebied wat kleiner is as Texas. Soos in die geval van baie grondgebiede in Afrika, het dit ook 'n snelgroeiende bevolking, vanaf 4 miljoen in 1950 tot ongeveer 24 miljoen teenswoordig. Na verwagting sal hierdie getal teen 2050 ongeveer verdubbel het. Dit sal meebring dat Madagaskar se bevolkingsdigtheid hoër sal wees as dié van Italië. Hierdie groeiende land het 'n lewendige Christelike tradisie; ongeveer die helfte van die bevolking is Christene. Die land se mense – die Malgas – maak 'n groot deel uit van die immigrantbevolking in Frankryk, en veral van die nuwe Franssprekende kerke aldaar.

Amper 200 jaar

Die Christelike geloof het eers in 1818 sy opwagting in Madagaskar gemaak – 'n tweehonderdjarige teenwoordigheid lê voor – maar die eerste gelowiges was baie vasbeslote, en het hul belofte om afvalligheid te weerstaan met erns benader. Hul pogings het gelei tot 'n hewige konflik met die eweneens gemotiveerde heidense koningin, Ranavalona I. Na haar is in vroeë sendinggeskrifte verwys as 'n duiwelse vervolger – 'n vroulike kombinasie van Nero en Caligula. Katolieke bestempel haar bewind as 'die tyd toe die land donker was.'

'n Mens kry 'n begrip van die land se Christelike wortels in die hoofstad Antananarivo (algemeen bekend as Tana) *waar nie minder nie as vier katedrale opgerig is om die vroeë martelare te gedenk!* Een daarvan, Andohalo, is gebou op 'n vreesaanjaende afgrond van waar gelowiges wat geweier het om hul geloof te versak, tydens die middel-19de eeu afgegooi is en op dié wyse die hoogste prys vir hul geloof betaal het.

Vervolging het afgeneem ná die dood van Ranavalona in 1861. Die oorblywende klein kerkie was onmeetlik versterk deur die talle onlangse gerugte van martelaarskap. Sommige van Ranavalona se opvolgers het op Christenbetrokkenheid aangedring net so vurig as wat die ou koningin dit verbied

het. Sedertdien het die Christendom gegroei op wyses soortgelyk aan die gedeelte van Afrika suid van die Sahara.

Christelike invloed brei uit

Aanvanklik het die sendelinge hul eie basis gelê om op voort te bou, maar hul pogings is spoedig oorweldig deur 'n vloedgolf herlewings onder die inboorlinge, die **Fifohazana**. Soos algemeen in Afrika, plaas hierdie inheemse bewegings die klem op genesing, wat beoefen word deur charismatiese 'herders', ondersteun deur getroue vroulike dissipels. 'n Groot begunstigde van die **Fifohazana** is die Malgassiese Lutheraanse Kerk, wat tans aanspraak maak op 'n ledetal van drie tot vier miljoen. Daarbenewens, soos in groot dele van Afrika, het demografiese faktore grootliks die invloed van die Christendom uitgebrei. Die hedendaagse Madagaskar se bevolking is 12 keer groter as in die tyd van Ranavalona.

Deurgaans vanaf 1897 tot 1958 was Madagaskar deel van die Franse ryk. Dekolonisasie het 'n geringe uitwerking op die groei van die Christendom gehad. Teenswoordig is ongeveer een derde van die eiland se Christene Rooms-Katolieke; 'n kwart is Lutherane, en die oorblywende gedeelte is lidmate van sterk, eiesoortige inboorling-gemeentes. Die heel belangrikste van hulle is die Kerk van Jesus Christus in Madagaskar (**FJKM: *Fiangonan'i Jesoa Kristy Madagasikara***), 'n Protestantse Hervormde liggaam wat in 1968 ontstaan het deur die samesmelting van verskeie sendinggroepe. As 'n uiters indrukwekkende liggaam maak die FJKM tans aanspraak op ongeveer 5 800 gemeentes en meer as 3 miljoen lede. Sy reuse-netwerk skole is van kritieke belang vir onderwys in Madagaskar.

Dit is alles behalwe moontlik om die nasie se geskiedenis ná onafhanklikheidswording te verstaan sonder om na hierdie kerke en hul uiters aktivistiese rol te verwys. Sedert die 1960's het Madagaskar herhaaldelik onder vloedgolwe van geweld en politieke oproerigheid gebuk gegaan. Dit was in skerp teenstelling met die stabiliteit van die goed georganiseerde kerke. Dit gebeur so dikwels in Afrika dat die kerke funksioneer veel beter as die regerings!

Politiese konflik

Sodanige kontras was opsigtelik tydens die politieke konflikte wat die eiland gedurende die afgelope 15 jaar geteister het. Dit is veral ervaar tydens die loopbaan van die reformis-sakemagnaat, Marc Ravalomanana. Sy rykdom en invloed in die media het vir hom 'n voet gegee om op te staan ten einde die ongewilde regering wat op daardie tydstip aan bewind was, aan te val. Hy het egter ook sy mag te danke gehad aan sy posisie as vise-president van die FJKM. Op grond daarvan kon hy stemme werf en gemeenskappe mobiliseer. Dit het die weg berei vir sy oorwinning in die nasionale presidentsverkiegings van 2002.

Toe Ravalomanana se bewind tydens 'n staatsgreep in 2009 omvergewerp is, het die kerke weer eens 'n deurslaggewende rol gespeel deur soldate aan te moedig om geweld af te sweer en menseleuens te eerbiedig. Op hierdie wyse het hulle gehelp om te verhoed dat die krisis in 'n volskaalse etniese en godsdienstig oorlog ontaard het. Laasgenoemde was 'n sterk moontlikheid vanweë die Katolieke se steun vir sy teenstander en opvolger. In medewerking met die Lutherane en Anglikane, het die Rooms-Katolieke Kerk en die FJKM gesamentlik 'n proses van rekonsiliasie en versoening op sowel nasionale as plaaslike vlakke gemonitor. Te danke aan hierdie pogings kon vrye en deursigtige demokratiese verkiesings in 2013 plaasvind. Dit het gelei tot die daarstelling van 'n oor die algemeen gewilde, wettige regering.

Madagaskar is dus 'n uitstekende voorbeeld van die rol van die Kerk in demokratisering.

-- Philip Jenkins: '**Christian Century**' (16 Oktober 2015)

**'Hy kan dit op die harte lê van diegene van wie hulle dit die minste verwag,
om met hulle vriende te maak.'**

(Uit die Matthew Henry Bybelkommentaar oor Handeling 27)

CMD: Die Christelik Maatskaplike Dienste van die NGK

KZN CMD (KwaZulu-Natal Christelike Maatskaplike Dienste) is 'n **NPO** (009-231) en 'n **FBO** (Geloofsgebaseerde organisasie), wat die welsynsdienste van die NG Kerk in samewerking met ander kerklike vennote in KZN koördineer.

Dit is die **visie** van KZN CMD om gemeenskappe van uitnemendheid te skep deur hoop te bring vir mense in nood.

Deur **Die Here se genade** het KZN CMD 'n impak op die lewens van 67 000 mense per jaar en werk met 'n jaarlikse **begroting** van R34 miljoen.

-- KZN CMD Jaarverslag 2013/2014

Opmerking deur die Redakteur: Geleë naby die Grootte Kerk se kantore in Tuine, Kaapstad, is *Monte Rosa*, wat behuising aan senior burgers bied teen 'n billike tarief. In Durban is daar *Tuinsig*, grafies so genoem vanweë sy uitkyk oor die beroemde Botaniese Tuin. Neem ook in ag die ander ondersteunende bedieninge, naamlik kinderhuise, berading vir gesinne in beproewing deur gekwalifiseerde Christene as sosiale werkers, en ander liefdesdade, en u sal oortuig wees van die visioen van hoop wat die CMD skep. En daar is 'n reeks CMDs in ons land!

Christene berei die weg, dikwels onaangekondig, deur nie die armes te vergeet nie!

MENSE IN DIE NUUS:

1] Die Einde van 'n Era

Ds. Fanie Smit het kort na sy tagtigste verjaardag na sy hemelse tuiste vertrek. Vir talle RSG-luisteraars van die gewilde program *Loof die Here*, is sy heengaan 'n gevoelige verlies. Hy het die program 44 jaar lank elke Sondagoggend tot die Sondag voor sy heengaan getrou aangebied – selfs toe hy al baie siek was. Met sy besondere stem, grondige kennis van veral gewyde musiek en sterk geloof het hy talle getroue luisteraars se lewens verryk. Ons betuig hiermee ons innige meegevoel met sy eggenote, Hettie, en die familie. Dit is die einde van 'n era, maar die herinneringe leef voort!

-- Siebert Neethling

2] Nuwe Voorsittende Biskop, Glen Lyons: CESA/REACH

Ná die vroeë aftrede van dr. Des Inglesby weens gesondheidsredes, het die Hervormde Evangelistiese Anglikaanse Kerk van Suid-Afrika ('*REACH*'), soos die Kerk van Engeland in Suid-Afrika ('*CESA*') in die praktyk bekend staan, 'n nuwe voorsittende biskop, Glen Lyons, aangestel. Onlangse opmerkings deur hom gemaak, weerspieël sy roepingsbewustheid:

"Persoonlik, na mate ek die einde van my eerste paar maande as voorsittende biskop nader, kan ek sê dat, te midde van 'n verantwoordelikheid wat geneig het om my te laat terugdeins, ek gerus gestel is deur die waarheid dat God voortgaan om gewone herders te gebruik om mense tot geloof in sy Seun te roep."

Gedurende 2014 het *Protestantse Reveille* 'n artikel geplaas oor die tweehonderdjarige bestaan van Anglikanisme in Suid-Afrika. Albei die Anglikaanse liggamme, '*ACSA*' (voorheen die Kerk van die Provinsie van Suid-Afrika) en '*REACH*' het hul onderskeie gemeenskappe verteenwoordig ten spyte van uiteenlopende verskille. Laasgenoemde het geneig om vas te klou aan die Protestantse en Hervormde tradisie, die ryke nalatenskap van biskoppe Thomas Cranmer, Hugh Latimer, Nicholas Ridley – almal manne wat op die brandstapel gesterf het in plaas van om die knie te buig voor die pousdom met sy Vatikaanse tolhek na die hemel! Wat '*ACSA*' betref, dit was blootgestel aan 'n breër spektrum invloede in die Anglikaanse Kerk, naamlik: '*High Church*' (Anglo-Katoliek), '*Broad Church*' (Liberaal), en '*Low Church*' (Evangelies / Charismaties).

-- Craig Hounsom (Redakteur)

3] 'n Latere Hervormer -- Lord Shaftesbury (1801-1885)

Anthony Ashley Cooper 'Die Graaf vir die Armes'

Anthony, een van ses kinders van die 6de Graaf van Shaftesbury en sy vrou, Anne, is op 28 April 1801 gebore. Anne was nie iemand met 'n moederlike geaardheid nie en was slegs daarin geïnteresseerd om partytjies te geniet binne die aristokratiese kringe waarin sy beweeg het. Daar is selfs beweer dat sy nie geweet het hoeveel kinders sy gehad het nie. Sodra 'n babatjie gebore is, is dit vir 'n vroulike arbeider op die familielandgoed gegee om as soogvrou op te tree. Die gebruik van soogvrouens was in daardie tyd algemeen, maar wat in die geval van Anne ongewoon was, is dat sy in plaas daarvan om aan die einde van die soogtydperk die babatjies verder te versorg, sy hulle aan hul lot oorgelaat het. Indien die bediendes nie vir hulle gesorg het nie, sou nie een oorleef het nie. Anthony het dus opgegroeï sonder enige ervaring van ware moederliefde – hy het sy moeder 'as 'n draak' bestempel!

'n Bediende, Maria Millis, het haar oor hom ontferm en hom versorg asof hy haar eie kind was.

Maria het opgegroeï in Woodstock, Oxfordshire, waar sy dienste in die plaaslike kerk bygewoon het. Die predikant aldaar was op daardie tydstip grootliks meegevoer deur wat bekend gestaan het as die 'Evangelistiese Ontwaking'. Dit is teweeggebring deur die prediking van John Wesley en George Whitefield, en dit het Engeland getransformeer. Die predikant se preke was uit die Bybel en sy lering uit die Nege-en-Dertig-Artikels van die Kerk van Engeland, asook die Engelse Gebedeboek van 1662. Tussendeur het hy ook verduidelik hoe dit verstaan moet word. Danksy hierdie preke waaraan Maria blootgestel is, was sy reeds wedergebore terwyl sy nog in haar kinderskoene was.

Sy het later as bediende in die Blenheim-paleis vir Lady Anne se familie begin werk en uiteindelik Lady Anne se bediende geword. Nadat Anne in die huwelik getree het, het Maria saam met haar verhuis en teen die tyd dat Anthony gebore is, was sy reeds bevorder tot huishoudster. Dit het meegebring dat sy haar eie kamer gehad het en dat die jong Anthony haar kon besoek. Met hom op haar knie het sy vir hom Bybelstories vertel; vir hom verduidelik hoe belangrik dit is om te bid en gereeld die Bybel te lees. Deur haar onderwysing was ook hy as kind reeds wedergebore.

Toe hy gereed was om te begin skoolgaan, is hy na 'n kosskool by Cricklewood gestuur. Daar het afknouery hoogty gevier en hy was uiters ongelukkig. Die ouer seuns het die jongeres se kos gesteel, en gevolglik moes hy dikwels honger gaan slaap. Dit alles het daartoe aanleiding gegee dat hy, teen die tyd dat hy volwasse was, 'n wrewel in die mishandeling van kinders gehad het op 'n tydstip toe dit aan die orde van die dag was. Gevolglik het hy later alles in sy vermoë gedoen om kinders wat getreiter word, te help.

'n Gelukkiger tydvak het vir hom aangebreek toe hy oorgeplaas is na Harrow-skool waar 'n familielid wat daar onderwys gegee het, na hom omgesien het. Tydens sy skoolloopbaan, toe hy ongeveer veertien jaar oud was, was hy getuie van 'n voorval wat 'n blywende indruk gemaak het en bygedra het tot die vorming van sy latere lewe. Terwyl hy by 'n wanordelike drinkplek verbygestap het, is die deure onverwags oopgestamp en het 'n aantal besope mans wat 'n onafgewerkte doodkis dra, uitgekóm. Binne-in was daar hoogs waarskynlik die lyk van 'n armlastige. Die mans het daar rondgesteier en die kis laat val; dit het gedeeltelik oopgegaan, en die oorledene se hand het deur die opening uitgeglip. Hulle het die hand terug gedruk, die planke na mekaar toe teruggeskop en vrolik na hulle bestemming gestap met die doodkis.

Geskok oor die gebeure wat hy so pas aanskou het, het die tienerjarige Anthony 'n gelofte afgelê dat hy sy hele lewe sal wy aan die lot van die armes.

-- 'The Reformer' ('Protestant Alliance' - VK): September-Oktober 2015 (Uittreksel – die Redakteur)
Die *Protestant Alliance* is in 1845 deur Lord Shaftesbury gestig.

4] Moreletapark NGK praat prontuit met grasia!

Verklaring: Standpunt van die Kerkrad oor homoseksualiteit:

1] *Ons is oortuig dat die Skrif ons leer dat 'n huwelik die lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is, wat mekaar met die liefde van Christus versorg. Ons aanvaar dat die enigste wyse waarop 'n Christelike huwelik tot stand kom is tussen een man en een vrou waar Christus in die middelpunt is.*

2] *Ons glo dat die Skrif daarvoor duidelik is dat alle seksuele verhoudinge buite die huwelik teen God se wil en plan is.*

3] *Ons glo dat die beoefening van homoseksualiteit teen God se wil en plan is soos alle ander sondes waaroor die Skrif praat. Vir al hierdie sondes is daar vergifnis en vrymaking deur die bloed van Jesus Christus.*

4] *Die gemeente se deure staan met die liefde en deernis van Christus oop vir alle mense. Wanneer 'n persoon egter in enige sonde volhard kan hy/sy nie in 'n leiersposisie (leraar, personeel, bestuurslid, bedieningsleier of aanbieder) in ons gemeente dien nie.*

5] *Ons wil steeds as kerk die oop arms van Jesus wees wat vir alle mense genade, vergifnis en heling bied.*

5] Anglikaanse Bisdome van Egipte praat prontuit met grasia!

Verklaring: Weiering op grond van die Skrif om befondsing te aanvaar

Dit is onder ons aandag gebring dat Biskop Curry, die voorsittende biskop van die Episkopale Kerk van die VSA ('TEC': The Episcopal Church of the USA) onlangs 'n Vastyd-beroep op die kerke van 'TEC' gedoen om die gebruikelike Goeie Vrydag-offerande vir Jerusalem en die Midde-Ooste te ondersteun. In sy oproep het die biskop gesê: "Hierdie tradisie is dekades oud en is 'n belangrike verklaring van ons solidariteit met die lede van die vier bisdomme van die Provinsies van Jerusalem en die Midde-Ooste."

Vergun my asseblief die geleentheid om te verduidelik waarom die Bisdom van Egipte, Noord-Afrika en die Horing van Afrika, wat een van vier bisdomme van die Provinsie van Jerusalem en die Midde-Ooste is, nie fondse of toelaes van die Goeie Vrydag-offerande van die Episkopale Kerk ('TEC') in die VSA, ontvang nie. Die besluit om nie hierdie fondse te aanvaar nie, spruit uit die 'TEC' se besluit in 2003 om 'n geskeide man wat in 'n homoseksuele verhouding was, as biskop in te seën.

Die besluit om nie geld van die 'TEC' te ontvang nie, is één daadwerklike uiting daarvan dat die verhouding tussen die 'TEC' en die Biskopdomme van Egipte, Noord-Afrika en die Horing van Afrika toe reeds heeltemal geskend was en dat dit steeds die geval is.

Een van ons predikante in Etiopië het ons situasie beeldend soos volg beskryf:

"Ons sterf eerder as om geld te ontvang van kerke wat teenstrydig met die Skrifte optree."

-- Mounier Anis & Grant LeMarquand: 'Anglican Ink' (26 Februarie 2016)

6] Roepstem om 'bose' televisiereeks te staak

Suid-Afrikaanse kerkleiers het 'n dringende beroep op M-Net gedoen om die televisiereeks getitel *Lucifer* te staak. M-Net het gereageer deur die uitsending na die 11nm-tydgleuf op Vrydagaande te verskuif en die ouderdomsbepערking tot 16 te verhoog. Kerkleiers is egter nie oortuig dat hierdie maatreëls kwesbare jong kykers voldoende sal beskerm teen blootstelling aan inhoud wat vir hulle skadelik kan wees nie. Die kerkleiers wat lede is van die Apostoliese Geloofsending, die Volle Evangeliese Kerk van God SA, die Pinksterprotestantse Kerk SA, en die Lewende Woord SA, het sterk daarop aangedring dat M-Net onmiddellik die *Lucifer*-reeks moet staak.

In 'n openbare verklaring doen hulle 'n ernstige beroep op die bestuur van M-Net om te besin oor hul sosiale verantwoordelikheid teenoor 'n nasie wat reeds ten prooi geval het van misdaad, geweld en alle vorme van boosheid. Die *Lucifer*-reeks, doelbewus al dan nie, beeld Satan – die verpersoonliking van alle vorme van boosheid – goedkeurende uit. Dit is uiters gevaarlik, veral met die oog op ons nasie se beïnvloedbare jeug, aldus die kerkleiers in hul verklaring. Hulle het bygevoeg: '*Lucifer* kry op hierdie wyse 'n tipiese Hollywood-opkikkering en het gevolglik 'n nóg groter aantrekkingskrag.'

Hul oortuiging dat beeldsending van die reeks gestaak moet word, spruit uit die sielkundige uitwerking van rolprente, TV-programme en musiek op jongmense. 'Boosheid of die verpersoonliking daarvan moet dus sterk afgekeur en ontmoedig word, en geensins positief en simpatiek in die populêre media aangebied word nie.'

Daar is met M-Net in verbinding getree vir hul kommentaar oor dié kwessie, maar by die ter perse gaan was daar nog geen reaksie nie.

-- Kavitha Pillay: '*The Witness*,' KZN (voorheen, '*The Natal Witness*'): 10 Februarie, 2016

7] 'n Suid-Afrikaanse Pastorale Verstrooiing

Soos in die geval van Suid-Afrikaners uit 'n verskeidenheid beroepe, onder andere sport, wat hulle in ander lande gevestig het, is daar ook predikante vanuit ons kerke. Voorbeelde is dominee Ray Smart wat van Durban afkomstig is, maar tans op die Shetland-eilande in die Noordsee werksaam is. Nog een is ds. Raymond Zulu van Newcastle, KZN, wat 'n gegradueerde van die Bybelinstituut van Suid-Afrika is, en tans 'n bediening in Londen het.

En dan is daar ook dr. Nico Bougas van Kaapstad wat betrokke is by *Hellenic Ministries* (Christus vir Griekeland en die Nasies) wat hoofsaaklik vanuit Florida (VSA) bestuur word. 'n Voormalige pastoor van die Bellville Baptistekerk, ds. Dave Stemmett, was enkele jare lank verbonde aan die Hamburgse Internasionale Baptistekerk in Duitsland. Tans bedien hy in die Trinity Internasionale Baptistekerk (in Leidschendam-Voorburg in Nederland) waar daar onlangs 'n bemoedigende getal Moslem-immigrante vanuit verskeie vlugtelingsentrums tot geloof gekom het, én 'gedoop is nadat hulle belydenis van hul geloof in Jesus afgelê het.'

Sommige van ons predikante keer wel terug na die 'geliefde land':

Die veteraan-kongregasionalis, ds. Malcolm Davidson, en sy begaafde Skotse eggenote, Ann, het 'n beduidende deel van hul lewens deurgebring by 'n kerk waar die opwekkingsprediker, Charles Finney, op 'n tystip bedien het. Hulle was daar ten tyde van die wrede 9/11-aanval! Die kerkgebou moes oopgestel word sodat mense kon skuiling vind 'in die skadu van die Almagtige.' (Psalm 91)

Ds. Hans Combrink, wat in Stellenbosch opgegroeï het, het teruggekeer vanaf Penang, Maleisië, waar hy betrokke was as *Streekdirekteur: Vertaling van Biblica*, Asië Stille Osaan.

Daar is skynbaar 'n tekort aan predikante in sekere lande wat voorheen bekend was as 'sendingnasies'. Is dit moontlik 'n aanduiding dat die Weste besig is om sy siel te verloor?

Nog 'n faktor is dat baie van ons predikante nog altyd vas glo in hul produk, naamlik die Bybel, en aangevuur word deur hul Evangelistiese lewensroeping.

Frustasies voortspruitend uit ons politieke moelikhede speel moontlik ook 'n rol!

Ons hou hulle voortdurend in gedagte!

-- Craig Hounsom (Redakteur)

'Baie toon respek vir goeie predikers, maar wat nie hul raad aanvaar nie.'

(Uit die Matthew Henry Bybelkommentaar oor Handeling 27).

Briewe: Reaksies op onlangse uitgawes:

1] Aan die Redakteur

Geagte Meneer

Ek neem die vrymoedigheid om hierdie skrywe aan u te rig.

'n Aantal dinge word aangespreek in hierdie (Winter) uitgawe; maar ek is vas oortuig dat die kerk moet begin onderskei tussen godsdienstige sisteme en 'n godsdienstige kultuur teenoor 'n intieme verhouding met onse God en Vader; en 'n waaragtige toewyding van 'n lewe aan Christus Jesus as Koning en as Heerser in 'n nuwe testamentiese Gees of verbond; en ophou om voortdurend onder twee verbonde te probeer fungeer!

Ter illustrasie noem ek die geveg om Kersfees te behou; wat in die hedendaagse samelewing gesien word as 'n sogenaamde nuwe verbondsfees; waaruit munt geslaan word deur Joode en Mohammedaan; maar waarvan die Bybel geen kennis dra nie. Ons weet uit die kerkgeskiedenis dat dit uit die heidendom onder keiser Konstantyn plek in die kerk van God gevind het, en is ingestel om die heidendom, wat songodaanbidders oftewel Baal was, en nou geforseer is om te bekeer tot die Christelike geloof, meer 'tuis' te laat voel....

Ons is dankbaar vir die protesteerders; maar hul het hoegenaamd nie ver genoeg wegbeweeg van die Roomse Kerk nie; en talle tradisies en kultuurerfenisse is behou. Tradisies waarteen Christus Jesus Self gewaarsku het is verontagsaam.

.... hierdie wereld is ons vyand en hoe gouer die gelowige die Woord van God in dié verband glo, hoe gouer sal ons van die tans wereldse gesindheid gesuiwer word om ons roeping in waarheid te vervul. Mag God ons genade hiertoe gee.

In Christus, Rentia Dippenaar (Australië).

1] Beste mev. Dippenaar

Dankie vir u lang en breedvoerige reaksie op ons 'Winter'-uitgawe van Reveille 2015. (*Ongelukkig het ons net ruimte gehad vir 'n kort uittreksel*). In verband met die dreigement om Kersfees en Paasfees as betaalde vakansiedae van die kalender te verwyder, het u die mening uitgespreek dat dit eintlik nie van belang is nie, omdat Christene nie op dae, en maande, en jare behoort te vertrou of dit behoort te vier nie. (Galasiërs 4:10) Dit is 'n regmatige opmerking – verskeie lesers het mondeling dieselfde mening as u gehuldig.

My reaksie sou wees dat die verwydering van sodanige vakansiedae deur baie vertolk sal word as erodering van ons Christelike invloed hier in Suid-Afrika. Andersyds, enige publisiteit is goeie publisiteit, aldus 'n ou gesegde. Die vakansiedae ter sprake skep geleentheid om die Evangelie te verkondig, en ... 'in alle gevalle, op allerlei wyse, of dit onder 'n skyn of in waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly.' (Filippense 1:18 ~ '53)

Vir baie Christene is hierdie dae heilig en hulle bring dit as sodanig deur. Ons behoort sensitief te wees vir ander gelowiges wat lief is vir ons Here Jesus. Vir een individu is een dag belangriker as 'n ander, terwyl vir ander alle dae dieselfde is. 'Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees' (Romeine 11:5). Paulus, die apostel vir die heidene, het dit só benader:

'... vir die swakkes het ek soos 'n swakke geword om die swakkes te win.' (1 Korinthiërs 9:22).

Baie van ons Gereformeerde voorvaders was *beslis ongemaklik* oor sulke vieringe as heilige dae. U bevind u dus in baie goeie geselskap! Ewenwel, ek dink Martin Luther het die gebalanseerdste Bybelsgefundeerde uitkyk gehad en het die geringste taak benader as gedoen in geloof asof vir die Here.

Die gewilde Kersliedere is Evangelies en geïnspireerd. U bydrae word opreg waardeer.

In Jesus Christus, Craig

2] Aan die Redakteur (uit Engels vertaal):

Beste Craig

Dankie vir die jongste uitgawe van 'Protestantse Reveille'. Te midde van die stryd vir behoud van bybelse geloof binne die milieu waarin ons ons deesdae bevind, voel 'n mens soms soos 'n eensame Elia. Maar elke uitgawe van 'Reveille' herinner my dat daar nog 'sewe duisend' is wat nie die knie voor die hedendaagse Baals gebuig het nie.

*Terwyl ek die aanhaling rakende Spurgeon se diepe afkeer van die opkoms van liberale teologie gelees het, omdat dit in wese nie aan openbaring glo nie, het dit my laat dink aan 'n onlangse aanvegbare debat. Die liberale proponent het gesuggereer dat hy en sy ortodokse opponent inwerklikheid op dieselfde golflengte is – dat albei die gesag van die Skrifte aanvaar. Toe het die ortodokse debatteerder na my mening die spyker op die kop geslaan. Met 'n gedempte maar ferm stemtoon het hy vir sy opponent gesê dat hy onopreg was; dat hy 'n misleidende halwe waarheid opgedis het; dat die onderhawige kwessie nie bloot die gesag van die Skrif is nie, maar die **status of graad** van daardie gesag. Hy het verder verklaar dat vir diegene wat ortodoks is, die Skriftuurlike gesag die allerhoogste is; terwyl dit vir sy opponent en ander minder gesaghebbend is en dus omvergewerp kan word. Dit is 'n reuseverskil! Ek dink Spurgeon sou in sy skik gewees het!*

Dankie vir die wyse waarop die erkende oppergesag van die Woord in u publikasie omhoog gehou word. Dankie ook vir die herinnering aan die 'solas' van Luther.

Waarderend, Ray Alistoun

Ds. Ray Alistoun: 'Cape West Coast Circuit' (Methodistekerk)

2] Beste Ray

U bemoediging en mooi bewoorde reaksie op die toenemende slinkshede wat spruit uit ongeloof is met waardering ontvang. Nie lank gelede nie was Metodisme 'n stem in die Evangelistiese Herlewing in Brittanje. U verteenwoordig daardie wonderlike erfenis!

In Jesus, Craig.

3] Aan die Redakteur (uit Engels vertaal):

Craig

Dankie vir die e-pos. Ja, ons het gister 'n baie goeie diens op Hervormingsdag gehad.

My teks was Genesis 12 en 15, en ek het gepreek oor twee van die drie groot 'solas':

Eerstens sola fide, gedemonstreer in Abraham se geloof in die woord van God – hy gee al sy sekerheid van huis en haard prys in antwoord op God se woord.

En dan oor sola gratia, God se genade en getrouheid, wat selfs groter as Abraham se geloof was. Toe Abraham se geloof gewankel het (deur Sarah te verkoop, om homself te beskerm; en voorgegee het dat Eliëser sy 'seun' en erfgenaam is), het God Abraham nie verwerp nie, maar getrou gebly aan hom – en hom genees.

Ons geloof is fundamenteel, maar God se getrouheid is veel meer so.

'n Voorspoedige week word u toegewens, François Wessels.

Ds. François Wessels: Andrew Murray Nederduits Gereformeerde Gemeente, Kaapstad

3] Beste François

U Hervormingsdag-preek is eenvoudig, maar tog ook diepsinnig. Abraham is 'n goeie rolmodel, want hy was 'n gewone mens; iemand met dieselfde hartstogte as ons. Bou voort op die goeie werk in Kloofstraat, Middestad (Kaapstad).

In Jesus, Craig

4] Aan die Redakteur (uit Engels vertaal):

Genotvolle leesstof!! Dankie! Mag die Here u almal seën en bewaar, u gesinne en u bedieninge!
Fran Aroney

4] Beste Fran

U seënwens is met vreugde ontvang, en op tipies Afrika wyse -- met oop handel!

En mag dit verdubbel oor u en u geliefdes.

In Jesus, Craig

5] Aan die Redakteur (uit Engels vertaal):

Beste Craig

... Ek is selfs meer beïndruk met die sirkulasiesyfers (Engels: 4 275; Afrikaans: 3 950). Dit behoort binnekort vir u moontlik te wees om 'n boek te publiseer met die beste artikels in die Reveille deur die jare heen. Dit is iets vir u LYS VAN DINGE WAT GEDOEN MOET WORD, Mnr H!

Esmé de Bruin (Sekretaresse: 'Cape Town Union Congregational Church').

5] Beste Esmé

Wonderlik om te hoor van die beroemde moederkerk van die Londense Sendingvereniging. Daardie syfers sluit die meeste van Suid-Afrika se hoofstroom-predikante in.

Die vlot Afrikaanse vertaling is gedoen deur Siebert Neethling, stigtershoof van die Hoërskool Stellenberg in Bellville.

Dankie vir die uitdaging!! In Jesus, Craig

Persoonlik:

Ons Redakteur en Voorsitter, ds.Craig Hounsom, lewer soos volg kommentaar op sy voortgesette diens as Redakteur aan die Protestantse Vereniging:

'Ek dien reeds die afgelope 5 jaar as redakteur van 'Protestantse Reveille'. Dit is my oorlede eggenote, Val, wat my geïnspireer het om te probeer om die reuse-skoene van die legendariese Engelsman, ds. AH Jefferee James, met wie die Protestantse geloof hier en oorsee so sterk geassosieer word, vol te staan. Hy was 'n ware mentor!'

Namens die raad van die Protestantse Vereniging en al ons lesers, bedank ons Craig graag van harte vir al die inspirerende uitgawes van *Protestantse Reveille* wat onder sy leierskap die lig gesien het en versprei is.

Op 'n meer persoonlike vlak, hartlik geluk aan Craig Hounsom en Esmé de Bruin (kyk voorafgaande briefwisseling) met hul verlowing op 12 April. Ons vertrou dat die Here hulle ryklik sal seën in hul gesamentlike bediening.

– Ivan James: Uitvoerende Beampte: Protestantse Vereniging van Suid-Afrika

PROTESTANTSE BOEKSENTRUM

□ Tel: 021 685 3015 □ Faks: 021 685 2618 □ E-pos: protbookctr@xsinet.co.za
□ Hoofweg 61 – 65 Mowbray 7700 □ Posbus 13068 Mowbray 7705

Ons verkoop Bybels in verskillende tale, Bybelstudiehulpmiddels, & teologiese boeke.
'n Wye verskeidenheid nagmaalsbenodighede -- volledige katalogus beskikbaar.

Skakel ons gerus!

Boekbesprekings:

1] *'Christ Set Forth'*

Thomas Goodwin: *Banner of Truth*: Sagteband; 242pp; £5.75: ISBN 978-1-84871-558-5

Die Puriteinse predikers van die 17de eeu word gereken onder die bekendste teoloë wat die wêreld ooit gehad het. Hulle het nooit oorhaastig of ondeurdag met teks te werk gegaan nie, maar het tydsam te werk gegaan om elke skrifgedeelte haarfyn te verklaar en dit getrou aan hul hoorders en lesers oor te dra. Hierdie wonderlike stukkie werk deur Thomas Goodwin, is geen uitsondering nie. Dié 'Puritan' sagtebandreeks lewer 'n besondere bydrae om die breër publiek met die werke van hierdie geestelike reuse vertrouwd te maak.

Hoe sal ek weet dat my saak reg is met God en dat ek deur Hom aanvaar word? Goodwin gebruik Romeine 8:34 as sy teks in sy soeke na 'n antwoord op hierdie heel belangrikste vraag. Dit is alte maklik om in die verkeerde rigting te kyk in ons soeke na gemoedsrus dat God ons aanvaar. Om dit te doen hou immers geen vertroosting in vir die verontruste siel wat soek na rus nie. Die antwoord, aldus Goodwin, is om weg te draai van jouself af en reguit na Jesus Christus te kyk. Net Hy is die bron en die rede vir ons regverdigmaking voor God die Vader. Maar Goodwin laat ons nie slegs na Christus kyk nie, maar hy ontvou ook op wonderlike wyse vir die leser waarom Christus die rede vir ons regverdigmaking is. Die leser word gewys op die dood van Christus, op die opstanding van Christus, op die hemelvaart van Christus en op sy plek aan die regterhand van die Vader, en ten slotte op Christus se intersessie vir sy kinders. Hierdie boek is op voortrefflike wyse gelaai met rede en hoop vir die sondaar.

Dit is geskryf uit 'n pastor se hart vir God se mense, en sal die leser dubbel en dwars beloon vir die tyd daaraan bestee om dit te lees en oorweeg. Van hierdie spesifieke boek word gesê: *'Op bykans elke bladsy in hierdie volume sal lesers beloon word met 'n merkwaardige pastorale teologie oor regverdigmaking alleenlik deur geloof in Christus.* Thomas Goodwin (1600-80) was die persoonlike kapelaan van Oliver Cromwell, en 'n gereelde prediker voor die aanvang van destydse parlamentsittings in Engeland. Hy was ook President van *Magdalen College*, Oxford. Hy was 'n veel geliefde pastor en prediker.

-- Resensie deur Stephen Holland: *'Protestant Truth'* ('*Protestant Truth Society*' - VK), Sept.-Okt. 2015

'... dit is die ou dwaling van deïsme wat die verkondigers van Hoër Kritiek laat herleef het, dat 'n mens ware Christen-wees kan beleef ongeag wat hy glo al dan nie.'

-- Iain Murray in *'The Forgotten Spurgeon'* ('*Banner of Truth*')

2] *'A Clear and Simple Treatise Respecting the Lord's Supper'*

Theodore Beza: *Reformation Heritage Books*: Hardeband; 448pp; \$40-00: ISBN 978-1-60178-467-4: (Publikasie aanhangig)

Theodore Beza se *'A Clear and Simple Treatise Respecting the Lord's Supper'* (1559) bevorder 'n onvermoeide verdediging van die Hervormde perspektief oor die Here se Laaste Avondmaal deur hoofstuk na hoofstuk te reageer op argumente wat teen Johannes Calvyn gerig is deur sy Lutheraanse teenstander, Joachim Westphal. Beza maak grootliks gebruik van die begrip naamwisseling, of van beeldspraak in sy vertolking van die gebruiklike bewoording; nogtans verdedig hy die stelling dat die Here se Laaste Avondmaal nie bloot 'n simbool is nie en dat ons daarin ware gemeenskap met die herrese Christus het. En soos Calvyn, verwys Beza breedvoerig na die kerkvaders, veral Augustinus, om sy standpunt te verdedig.

Hierdie verhandeling, wat dikwels oor die hoof gesien is, belig sommige van die belangrike verskille tussen die Hervormde en die Lutheraanse bewegings tydens die sogenaamde tweede geslag van die Hervorming. 'n Kritieke vraagstuk op hierdie tydstip, naamlik sakramentele teologie, was in die voorste linie van die oorspronklike breuk met Rome en het verskeie Protestantse bewegings daarvan weerhou om te verenig. Die vertaling daarvan in Engels uit die oorspronklike Latyns skep meer geleentheid vir diegene wat belangstel in hierdie bewegings om meer kennis op te doen van die wesenlike kwessies wat eie aan daardie tydperk is.

-- Resensie deur die uitgewer: *'Reformation Heritage Books'*

3] 'Knowing Christ'

Mark Jones: Banner of Truth: Sagteband; 256 pp; \$16-00: 978-18487-1630-8

In Oktober verlede jaar het *Banner of Truth* '**Knowing Christ**' deur **Mark Jones** vrygestel. Dit het soos soetkoek verkoop James Packer skryf in die voorwoord:

Die Puriteine was lief vir die Bybel, en het in diepte daarin gedelf. Ook het hulle die Here Jesus, wat uiteraard die sentrale figuur in die Bybel is, liefgehad. Hulle het hul rondom Hom geskaar, op Hom gekonsentreer, het alles wat die Skrif oor Hom sê in die fynste besonderhede bestudeer; en Hom in hul prediking, lofprysings en gebede voortdurend toegewyd en nougeset verheerlik. Mark Jones, 'n gerekende kenner van baie aspekte van Puriteinse denke, het ook 'n liefde vir die Bybel en die Christus van die Bybel, en vir die Puriteine as verklaarders van beide. Vanuit hierdie drie-enige liefde het hy 'n gedenkwaardige onthulling van die waarheid oor die Verlosser volgens die klassieke Hervormde tradisie geskryf, en die Puriteine in die besonder. Dit is 'n boek wat gereken word as verrykend vir ons siele in hierdie 21ste eeu, en dit word met eervolle vermelding aanbeveel.

Opmerking deur die Redakteur: Baie Christene is geestelik opgebou deur die moderne klassieke werk, naamlik '*Knowing God*' wat geskryf is deur James (JI) Packer. Dit is dus heel van pas dat hierdie gerespekteerde Evangelisties-Anglikaanse leier genooi is om die voorwoord van '*Knowing Christ*' te skryf, want hierdie boek kan met reg bestempel kan word as 'n waardige vervolgstuk.

Patrick Stevenson, 'n veteraan-prediker van die *English Reformed Church*, het die naam van die skrywer daarvan, naamlik Mark Jones, 'n Suid-Afrikaner wat hy van kindsbeen af geken het, onder my aandag gebring. Van ons lesers sal die naam onthou van nog 'n internasionaal gerespekteerde Christen-skrywer en Bybelverklaarder, Phillip Edgecome Hughes, wat in die VSA op die voorgrond getree het. Hy het reeds op vroeë leeftyd as student aan die Bybelinstituut, Kalkbaai gestudeer. Dit lyk asof sy mantel nou geval het op die skouers van Mark Jones, tans woonagtig in Noord-Amerika!

Protestantse Reveille: Redakteur: Ds. Craig Hounsom (St John's United Church, KZN): is die amptelike blad van die Protestantse Vereniging van Suid-Afrika. [026-692-NPO]:

- Posbus 13068 □ MOWBRAY □ 7705 □ Tel: 021 685 3015 □ Faks: 021 685 2618.
- E-pos (Reaksioneel): protestantsa@xsinet.co.za / stjohnscraig@telkomsa.net
- E-pos (Verspreiding): protbookctr@xsinet.co.za

Verander u kontakbesonderhede?

Verwittig ons asseblief daarvan om te verseker dat u Reveille nog spoedig en gereeld in die toekoms sal ontvang.

U is baie welkom om **Protestantse Reveille** aan te stuur na vriende wat belangstel, en hulle te nooi om hul kontakbesonderhede aan ons te stuur.

Huidige en vorige uitgawes van **Protestantse Reveille** (Engels & Afrikaans) is **GRATIS** op versoek beskikbaar in gedrukte sowel as elektroniese format ('Adobe' of 'Word' Pdf.)

Vorige uitgawes is beskikbaar op versoek.

Terugvoering en voorstelle is welkom -- u is ook welkom om met ons redakteur in verbinding te tree.

Maak gerus van **Protestantse Reveille** gebruik om belangstelling in Hervorming- en Protestantse aangeleenthede te bevorder.

Indien wel, meld asseblief **Protestantse Reveille as u bron**, die naam van die skrywer, en die **oorspronklike publikasie** (indien van toepassing).

Donasies vir die verspreiding van **Protestantse Reveille** en die werk van die **Protestantse Vereniging** word hoog waardeer:

- Naam van Rekening: **Protestantse Vereniging van Suid-Afrika** □ **Standard Bank**
 - Tjekrekeningnommer: **071391592** □ Tak: **Mowbray** □ Takkode: **024909**
 - Deponeerder se Verwysing: **Gee asseblief u naam en skakel per e-pos, faks of brief.**
- Baie dankie!**

Protestantse Reveille: K2: 25 April 2016 11:30